

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Innige simpatie, die wonder van meelewing

Skriflesing: Lukas 7:11-17

Broodjies vir die pad

Miracle

Not the one who takes up his bed and walks
But the ones who have known him all along
And carry him in –

Their shoulders numb, the ache and stoop deeplocked
In their backs, the stretcher handles
Slippery with sweat. And no let up

Until he's strapped on tight, made tiltable
and raised to the tiled roof, then lowered for healing.
Be mindful of them as they stand and wait

For the burn of the paid out ropes to cool,
Their slight lightheadedness and incredulity
To pass, those who had known him all along.

Seamus Heaney

Seamus Heaney was born in 1939 in County Derry, Northern Ireland. His first collection, *Death of a Naturalist* (Faber) was published in 1965, and since then he has published nearly 100 books, including *District and Circle* (Faber, which won the 2006 TS Eliot Prize) and *Sweeney Astray* (1984). Heaney was Professor of Poetry at Oxford from 1989 to 1994, and in 1995 he received the Nobel prize for literature. He won the 2010 Forward prize for best collection for *Human Chain*.



'n Suburbsong of dalk stadslied

ek sien al drie die Jo'burg-torings van ons balkon –
waarvandaan sal stilte en asem en ruimte en tyd kom?
Dit kom van God
wat kwantum en kwartels uitgedink het.
Hy sal nie toelaat dat kommer oorneem en lag verdwyn nie.
God speel nie wegkruiperfjie nie.
Hy hou jou vas.
Die Een wat al die stories in alle tale ken, sal jou nooit los
nie.
Hy beskerm jou teen twyfel.
Hy laat jou trots en ego verdwyn.
Hy sal jou altyd help, of jy dit weet of nie.
van nou af en vir altyd.

Roela Hattingsh

<http://www.litnet.co.za/n-suburbsong-dalk-stadslied/>



US Woordfees: Kanker die keiser van alle kwale

Jean Oosthuizen

Dit was soos growwe skuurpapier op rou senuwees om dié boek te skryf.

So het Danny Fourie by die Woordfees gesê tydens die bespreking van sy boek *Vir ewig en altyd saam*.

Fourie se boekbespreking was meer as net 'n boekbespreking. Dit was 'n viering van een van die merkwaardigste vroue in die Afrikaanse joernalistiek, Adri-Louise van Renen, wie se lewe deur kanker kortgeknip is toe sy op haar gelukkigste was kort nadat sy met haar droomman, Danny Fourie, getroud is.

Die boek handel oor daardie deel van hulle kort liefdeslewe, hulle reis met die keiser van alle kwale, met die slingerende pendulum tussen hoop en werklikheid, tussen chemosessies en skanderings, tussen hartseer en lag, tussen dae vol liefde en speel, en dae van bekommernis en stilte – immer met die swaard oor hulle kop.

Onder die talle mense wat die boekbespreking bygewoon het, was verskeie vriende, oudkollegas en familieleden wat Adri-Louise geken het. Selfs haar bejaarde pa, wat op Oudtshoorn woon, het die geleentheid bygewoon.

Adri-Louise was die redakteur van *LiG* en die eerste vroulike redakteur van *Kerkbode*. Danny, wat die boek geskryf het, werk as vryskut in die mediabedryf nadat hy drie jaar gelede sy werk by Bybel-Media verloor het as gevolg van *Kerkbode* se Woordfeesfiasko drie jaar gelede.

'n Gebeurtenis waarvan Adri-Louise self vertel het: “'n Jaar van my lewe het in hierdie ding (die Woordfees-sage) opgegaan. My tweede sarsie chemobehandeling het ernstig skade gely as gevolg hiervan. Ek het natuurlik nie vrede oor die saak nie, maar ek het in my gedagtes weggestap daarvan.”

Adri-Louise het laat in haar lewe verloof geraak. Kort daarna is sy gediagnoseer met fase 4-kanker en 'n paar maande later is sy oorlede.

Fourie sê hy het die boek geskryf vir sy merkwaardige vrou, en vir almal wat die trauma van terminale kanker beleef het en treur oor 'n geliefde wat nie meer hier is nie.

Kanker is die siekte van ons tyd, het Fourie tydens die bespreking gesê. “Dit is 'n bedrieglike siekte wat 'n onbeskryflike invloed het op almal rondom die persoon wat met kanker gediagnoseer is.”

Tydens die bespreking van sy boek het Danny op 'n merkwaardige manier daarin geslaag om sy emosies te beheer. Terwyl die sangeres Annalise Wiid teen die einde van die bespreking dieselfde lied sing wat sy op Adri-Louise se begrafnis gesing het, “As alles stil word”, het die trane vrylik oor Danny se wange geloop terwyl hy daarna geluister het.

Oor die rede vir die skryf van die boek sê hy dit was nie omdat hulle verhaal so spesiaal is nie. “Dit is eerder om, soos baie ander voor my, vir dié wat belangstel 'n kykie te gee in die verwoestende effek van kanker – op die liggaam en op die geliefdes om die persoon wat met kanker leef. Ek het so eerlik moontlik probeer skryf.”

Die skryfproses het hom emosioneel verinnuweer. Sy en Adri-Louise se verhaal is in baie opsigte dieselfde as dié van die skrywer CS Lewis, wie se vrou vier jaar na hulle troue as gevolg van kanker dood is en met wie hy kon identifiseer.

Op 'n vraag van Lizette de Bruyn, wat die gesprek hom gevoer het, sê hy: “Ek het die grond aanbid waarop sy geloop het.”

Die hoogtepunt van hulle kort maar gelukkige huwelik was die dag toe sy – reeds ernstig siek aan kanker – in 'n vlamrooi rok met hom getrou het. Sy het spesifiek rooi gedra om die lewe te vier.

“Toe sy met haar rooi tabberd die kerk instap het ek net een wens gehad en dit is dat ek iets kon doen om haar gesond te maak.”

Die eerste twintig maande van haar siekte het goed verloop. Sy het goed op die behandeling reageer. Uit van die briewe wat sy uit die blou stoel aan vriende en familie geskryf het terwyl sy chemo kry, lees mens telkens die hoop wat sy koester op volkome herstel. In haar briewe wat deel is van die boek, hoor mens Adri-Louise se eie stem van hoop op genesing.

Twintig chemosessies later en ongeveer drie maande voor haar dood het die onkoloog hulle diplomaties ingelig die einde is nie meer ver nie.

“Ek is nie kwaad vir die Here nie,” sê Fourie, wat 'n diep gelowige is. “Maar somtyds as ek haar so mis, vra ek steeds: Here, kon U dan nie maar net 'n ander plan gemaak het nie?”

In die voorwoord skryf Danny: “Kanker is die oudste siekte bekend aan die mens. “The emperor of all maladies” – die keiser van alle kwale – het dr Siddhartha Mukherjee dit gedoop.”

Dit is 'n titel wat Adri-Louise altyd gevoel het te veel eer aan kanker laat toekom.

'n Ierse skrywer het gesê die noodlot is nie 'n arend nie – dit kruip soos 'n rot.

<http://www.litnet.co.za/us-woordfees-kanker-die-keiser-van-alle-kwale/>

Brood vir die pad

Mor ons so oor veertien dat ons dertien vergeet?

Dirkie Smit

'n Vriend ontstig met ontstellende stories. Van frustrasie by kantore van binnelandse sake. Van skok oor sake in 'n staats-hospitaal. Van wag op hulp met telefone. Almal – oënskynlik – verhale van onbevoeg, onbekwaam, oneffektief, van stelsels wat tot stilstand knars, van uitstel, min doen en skaars regkry. Opvallend is egter dat hy niemand verkwalik of beskuldig, nie vinger wys en verwyf en slegsê en blaam toeskryf nie, maar eerder jammer kry, begrip toon, ómgee. Omdat hy sien dat dié vir wie 'n mens sou wou kwaad word, dié agter die lessenaar, dié wat die foon moet beantwoord, dié wat die verskonings moet aanbied nêr so magteloos en moedeloos is. Dat die trae diens nie is omdat hulle nie wil nie, maar omdat hulle meestal ook maar nie kán nie, omdat die stelsels sêlf steier, die strukture sêlf oorvra en oorlaai en oorweldig is – en omdat niemand eintlik op hulle eie veel daaraan kan doen nie. Want waar begin 'n mens?

Dit gaan immers nie om morele probleme nie. Dit vra tog nie blote regruk, die oplossing is tog nie net beter motivering

nie? Uitweë gaan lank neem, stadig, moeisaam, gesamentlik. Eerder as verwyf is hande vat nodig. Eerder as skuld toeken, word saamstaan gevra. Die oorsake is immers nie persoonlik nie maar sistemies – en erg. Kom van ver en raak ál ingewikkelder.

Dis tog onmoontlik om ons oë te sluit vir gebrekkige dienslewering in vele gemeenskappe en buurte? Onverantwoordelik om ons ore toe te druk vir gerugte en selfs berigte van komende krisis oor krag en water en basiese geriewe? Is dit al klaar te laat om erns te maak met werklikhede in ons onderwys en polisie en administrasie?

Soms is ons so kwaad en haastig om skuld te gee dat ons skaars saam na oplossings soek. In ons Nasionale Ontwikkelingsplan word vele van dié uitdagings en moontlike uitweë al opgenoem – kritici kla dit lees soos 'n wenslys! Dié lees maak tegelyk dankbaar én moedeloos.

Dankbaar, omdat sommige dus tóg aan dié uitdagings dink, bewus is, bekommerd, hulle by die naam noem – dit tróós, want dis goed om te weet. Maar ook moedeloos, want alles lyk só kompleks en oorweldigend, wie weet waar om te begin? Een kan skaars opgelos word as ander nie eers hanteer is nie. Vir seker moet ons egter nie summier na hoofstuk 14 spring en saam kla oor korrupsie, sonder om eers hoofstuk 13 te hoor oor bekwaamhede, vaardighede en verantwoordelikhede nie. Dinge begin immers dáár? Nie by die wil nie, maar by die kán – en dis dalk nóg moeiliker?

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/djs-mor-ons-so-oor-veertien-dat-ons-dertien-vergeet-20160528>



Lied 281

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kleed ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder,
U, die God van ons behoud -
U, die God van ons behoud.

Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons sorg en stut.
As die toekoms ons bekommer,
sal U, Here, ons beskut.
Ons Beskermer, ons Beskermer,
U, die God wat ons behoed -
U, die God wat ons behoed.